

Gemeente brief

“Ons is bevoorreg, ons is bewus van die Here se liefde vir ons. Ons het die eers by ander gehoor en nou ervaar ons dit self.” Hierdie is woorde wat dikwels gebruik word binne ‘n gemeente soos ons s’n. Ons is nie bang om in mekaar se hartseer tye te deel nie. Ons dra graag mekaar se laste. As daar rede is om fees te vier dan doen ons dit heelhartig saam.

Volgens ons bly ‘n gemeente se grootste waarde steeds die feit dat gelowiges mekaar raaksien (raak leef) en as gelykes behandel. Ons deel tog dieselfde hoop, geloof, vergifnis, liefde, uitverkiesing ens. So kom mense na ‘n gemeente soos ons s’n met die verwagting van verwelkoming en aanvaarding. Die alternatief, om in ‘n gemeente verwerping te beleef, is amper ondenkbaar. Dit kan gebeur en dit het al, maar dit kan dan net as gevolg van ‘n misverstand wees.

Die mense met die taak en voorreg om hierdie gemeente se verwelkoming en versorging van mense te begelei rus veral op die skouers van die leraars en die maatskaplike werker. Die lidmate van die gemeente gee hulle as ‘n geskenk aan die gemeenskap. Hulle vier (4) kan tyd, gawes en energie spandeer ter wille van die versorging van die wat in nood is. In ‘n vorige brief het ons reeds geskryf dat baie van hulle werk gebeur juis in die spasies tussen in die groot gebeure in mense se lewens. Troues, doop, nuwe kanse, eerste liefde, vreugde, kommer ens. Ons mense is, soos dié in vele ander voorstede, deel van ‘n gejaagde en kompeterende leefstyl. Die leraars en die maatskaplike werker skep die ruimte waar daar rustig saamgepraat word, saam gesoek word na antwoorde en oplossings en saam gebid kan word.

Wat in die eredienste en in die kantore gebeur is natuurlik net ‘n deel van ‘n gemeente se rol. ‘n Gemeente wat net oor sy eie mense bekommerd is en na binne leef verloor maklik belangstelling in die mense wat buite die versorging van die gemeente swaar kry. Dit mag en kan tog nie. Daarom het ons baie jare terug reeds besluit om onder leiding van die Heilige Gees te soek na geleenthede om na ons gemeenskap en selfs verder uit te reik. Om onself die hele tyd te herinner aan ons voorneme om uit te reik het ons ‘n belofte gemaak om nooit minder as ‘n tiende van ons begrote uitgawes hiervoor te oormerk nie. Hierdie belofte aan onself is vir ons ‘n groot seën. Dit het ons oë oopgemaak vir geleenthede om mense te versorg waarvan ons nie eers kon droom nie. Ons gee gereeld hieroor terugvoer en die gemeentede se entoesiasme om deel te neem is inspirerend. Soos ons in die vorige brief geskryf het maak die feit dat ons, veral op dié gebied, al meer met Table View gemeente saamwerk, al weer nuwe geleenthede moontlik. Hulle geboue is meer sentraal en groter. Om saam te droom en kragte saam te span bring nuwe opwinding en entoesiasme. Ons glo ook dat ons saam beter kan onderskei wat die Gees vir ons wil sê.

Deel van ons besluit om uit te reik, en ten minste 10% van ons begroting hiervoor te oormerk, was om die gemeente te vra om ons hierin finansiëel te ondersteun. Elke jaar in Oktober vra ons of gemeentede dit sal oorweeg om ons, met die oog op hierdie droom, te bedien met ‘n spesiale dankoffer. Hierdie spesiale dankoffers het die afgelope paar jaar baie gegroei. Ons vermoed dat dit is omdat al meer gemeentede bewus word van die nood in ons omgewing, en inkoop op ons behoefte om ‘n verskil te help maak.

So dit is Oktober en ons neem die vrymoedigheid om weer te vra wie gelei voel om ons hierin te ondersteun tot einde Desember. Merk die dankoffers as 'Tiende maand dankoffer'. Ons belowe dat daardie geld vir hierdie bediening sal gaan. Ons herinner weer dat enige lidmaat insae kan hê in die gemeente se finansiële state. Ons glo dat ons betroubare en deursigtige rentmeesters is van die dankoffers wat aan ons toevertrou word.

En so het ook hierdie jaar se laaste kwartaal aangebreek. Maar voor ons kan vakansie hou gebeur daar nog 'n paar wonderlike dinge in die gemeente. Die eerste is dat ons die 28ste Oktober 'n feestelike musiek-aand reël. Die idee is om ons weereens in die wonder van ons nuwe orrel te verlustig. Soos die uitnodiging op die afkondigingsblad sê, gaan daar ook ander musiekinstrumente saam speel. Ons sien uit na die lekkerte!

Intussen oefen die koor al vir die Kerssangdiens op 27 November. Hierdie jaar lei Elmarie die koor omdat Danelle nog herstel van haar voetoperasie. Voor dan is die 13de November nog 'n dag van opwinding en feesviering: Gedurende die 08h30 diens is dit die afsluiting van die junior jeug se bediening van die jaar. Daardie selfde aand kombineer die 17h30 jeug diens en die 19h00 diens ter wille van die afsluiting van die senior jeug bediening vir die jaar. Gedurende die eredienste word daar behoorlik dankie gesê en eer gebring aan jeugleiers, vir hul liefde vir ons kinders en jongmense. Veral sê ons op daardie dag dankie en gee ons eer aan ons Here, vir die voorreg om saam met kinders en jongmense Hom te aanbid. Soos gewoonlik gebruik 'n groep jongmense ook daardie aanddiens om belydenis van hul geloof af te lê.

Gedurende die Desember skoolvakansie kry almal wat hier werk 'n kans om verlof te neem. Daar sal wel die hele tyd 'n leraar aan diens wees. Dankie dat ons saam met julle 'n gemeenskap van gelowiges kan wees. Dankie vir die vertroue, vir die stories, vir die ondersteuning. Dankie dat ons saam met julle die lof van ons Here Jesus kan besing. Dankie dat ons saam met julle kan bid vir wysheid en geleentheid om ons Here se kinders met liefde te dien. Dankie vir aanvaarding en vergifnis. Dankie vir liefde en opregte omgee.

“Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot dade oorgaan.”

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus

Ds Elmarie

Ds Marietjie